# Nederlandse Geloofsbelydenis

Artikel: 20

GOD SE REGVERDIGE EN BARMHARTIGHEID IN CHRISTUS

Ons glo dat God, wat volkome barmhartig [illegible] regverdig [illegible], sy Seun ge[illegible]uur het om die natuur waarin die ongehoorsaamheid begaa[illegible] [illegible]eem.

Hy moes in die [illegible]e natuur aan die geregtigheid vo[illegible]doen en die straf vir die sondes d[illegible]llerbitterste lyding en ste[illegible]

So het G[illegible]egverdigheid teenoor sy Seun betoon to[illegible] Hy ons sondelas op Hom gelê het en s[illegible]dheid en ba[illegible]heid uitgestort oor ons, wat skuldig was [illegible]n die ewige vervloeking verdien het. Hy h[illegible]rs sy Seun [illegible]e mees volmaakte liefd[illegible]die doo[illegible] gegee [illegible]om tot ons regverdiging[illegible]k, so[illegible]eur Hom die onste[illegible]ew[illegible]e k[illegible]

## Nederlandse Geloofsbelydenis — GOD SE REGVERDIGE EN BARMHARTIGHEID IN CHRISTUS — Artikel: 20

Ons glo dat God, wat volkome barmhartig en regverdig is, sy Seun gestuur het om die natuur waarin die ongehoorsaamheid begaan is, aan te neem.



Romeine 8:3: Dit waartoe die wet, verswak deur ons sondige aard, nie in staat was nie, het God gedoen: Deur sy eie Seun vanweë die sonde in die gestalte van 'n sondige mens te stuur, het Hy die sonde in die mens veroordeel,

Hy moes in die menslike natuur aan die geregtigheid voldoen en die straf vir die sondes deur die allerbitterste lyding en sterwe dra.



Jesaja 53:6: Ons almal het soos kleinvee gedwaal, elkeen van ons het sy eie koers ingeslaan; maar die HERE het ons almal se sondeskuld op Hom laat neerkom.

Johannes 1:29: Die volgende dag sien Johannes Jesus na hom toe kom, en hy sê: “Kyk, die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem!

Hebreërs 2:14: Aangesien die kinders dan aan vlees en bloed deel het, het ook Hy net so aan dieselfde dinge deel gekry, sodat Hy deur sy dood die een wat oor die dood mag het, dit is die Duiwel, kragteloos kon maak,

Nederlandse Geloofsbelydenis GOD SE REGVERDIGE EN BARMHARTIGHEID IN CHRISTUS Artikel: 20

So het God sy regverdigheid teenoor sy Seun betoon toe Hy ons sondelas op Hom gelê het en só sy goedheid en barmhartigheid uitgestort oor ons, wat skuldig was en die ewige vervloeking verdien het. Hy het immers sy Seun deur die mees volmaakte liefde vir ons in die dood gegee en Hy het Hom tot ons regverdiging opgewek



Romeine 3:25-26: God het Hom, deur sy bloed, daargestel as versoeningsoffer wat deur die geloof verkry word, as bewys van sy geregtigheid; want so het Hy in sy verdraagsaamheid die sondes wat voorheen gedoen is, oorgesien. Hy het sy geregtigheid in die huidige tyd bewys om so regverdig te wees en dié wat in Jesus glo, regverdig te verklaar.

Romeine 8:32: Hy wat selfs sy eie Seun nie gespaar het nie, maar Hom ter wille van ons almal oorgelewer het – hoe sal Hy nie ook saam met Hom alles aan ons skenk nie?

1 Johannes 4:9: Hierin is die liefde van God aan ons geopenbaar: dat God sy unieke Seun na die wêreld gestuur het, sodat ons deur Hom kan leef.

Nederlandse Geloofsbelydenis GOD SE REGVERDIGE EN BARMHARTIGHEID IN CHRISTUS Artikel: 20

So het God sy regverdigheid teenoor sy Seun betoon toe Hy ons sondelas op Hom gelê het en só sy goedheid en barmhartigheid uitgestort oor ons, wat skuldig was en die ewige vervloeking verdien het. Hy het immers sy Seun deur die mees volmaakte liefde vir ons in die dood gegee en Hy het Hom tot ons regverdiging opgewek, sodat ons deur Hom die onsterflikheid en die ewige lewe kan hê.



Romeine 4:25: Hy is ter wille van ons oortredings oorgelewer, en ter wille van ons regverdigmaking opgewek

Nederlandse Geloofsbelydenis GOD SE REGVERDIGE EN BARMHARTIGHEID IN CHRISTUS Artikel: 20

Ons glo dat God, wat volkome barmhartig en regverdig is, sy Seun gestuur het om die natuur waarin die ongehoorsaamheid begaan is, aan te neem.

Hy moes in die menslike natuur aan die geregtigheid voldoen en die straf vir die sondes deur die allerbitterste lyding en sterwe dra.

So het God sy regverdigheid teenoor sy Seun betoon toe Hy ons sondelas op Hom gelê het en só sy goedheid en barmhartigheid uitgestort oor ons, wat skuldig was en die ewige vervloeking verdien het. Hy het immers sy Seun deur die mees volmaakte liefde vir ons in die dood gegee en Hy het Hom tot ons regverdiging opgewek, sodat ons deur Hom die onsterflikheid en die ewige lewe kan hê.

# GOD SE REGVERDIGE EN BARMHARTIGHEID IN CHRISTUS



Ons glo dat God, wat volkome barmhartig en regverdig is, sy Seun gestuur het om die natuur waarin die ongehoorsaamheid begaan is, aan te neem[1].
Hy moes in die menslike natuur aan die geregtigheid voldoen en die straf vir die sondes deur die allerbitterste lyding en sterwe dra[2].
So het God sy regverdigheid teenoor sy Seun betoon toe Hy ons sondelas op Hom gelê het en só sy goedheid en barmhartigheid uitgestort oor ons, wat skuldig was en die ewige vervloeking verdien het. Hy het immers sy Seun deur die mees volmaakte liefde vir ons in die dood gegee en Hy het Hom tot ons regverdiging opgewek[3], sodat ons deur Hom die onsterflikheid en die ewige lewe kan hê[4].

1 Romeine 8:3
2 Jesaja 53:6; Johannes 1:29; Hebreërs 2:14
3 Romeine 3:25-26; Romeine 8:32; 1 Johannes 4:9
4 Romeine 4:25